*7 Januarie 2022*

## *DISSIPLINÊRE STELSEL / GEDRAGSKODE*

1. Gedragskode:

   Deel 1: Etiekkode
   Deel 2: Gedragskode en reëls
   Deel 3: Prosedure in dissiplinêre optredes
   Deel 4: Voorbeeldvorms
   Deel 5: Koshuisreëls
   Deel 6: Covid 19-protokol

## ONTVANGSERKENNING VAN DEEL 1 tot 6 VAN GEDRAGSKODE

GETEKEN TE ______________________ OP HIERDIE ____ DAG VAN __________________

___________________
OUER / VOOG

_____________________
Leerling

*DISSIPLINÊRE STELSEL - Gedragskode vir leerders*

## Deel 1

## Etiekkode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- die waardes van die skool / koshuis ten alle tye uit te leef (Liefde / Respek / Getrouheid / Nederigheid / Selfbeheersing / Integriteit);
- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Hoërskool Wilgerivier getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

**Deel 2**

## Gedragskode en -reëls

### 1. INLEIDING

Hierdie dokument is die gedragskode van Hoërskool Wilgerivier, soos die beheerliggaam dit op 13 April 2021 goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

### 2. DOEL

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.

Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

### 3. GEDRAGSKODE

**Algemene reëls**

3.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.

3.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.

3.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkskoolhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.

3.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

3.5 ŉ Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as ŉ ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

3.6 Leerders mag nie in die klaskamer, saal of biblioteek eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

3.7 GEEN selfone tydens skoolure. Indien 'n leerling na 'n sportbyeenkoms gaan, kan die selfoon in 'n sakkie by die skoolkantoor gelos word tot hy/sy vertrek. **Eerste oortreding**: selfoon (met simkaart) word vir 2 weke in skoolkluis gebêre + R50 boete. **Tweede oortreding**: selfoon (met simkaart) word vir 1 maand in skoolkluis gebêre + R100 boete. **Derde oortreding**: selfoon (met simkaart) word vir 1 kwartaal in skoolkluis gebêre + R200 boete. Dit sluit vakansies in. GEEN simkaarte sal aan leerlinge teruggegee word terwyl straf uitgedien word nie. Die besit van 'n selfoon op die skoolterrein, bly die eienaar van die selfoon se uitsluitlike risiko en geen eise as gevolg van die besit van 'n selfoon sal deur die skoolbestuur oorweeg word nie.

3.8 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, nikotienbevattende middels, e-sigarette, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode.

3.9 Geen leerling mag voor skool en gedurende pouse in klaskamers wees sonder die toestemming van 'n onderwyser nie.

3.10 Geen leerling mag die skoolterrein sonder toestemming van 'n Departementshoof verlaat nie. 'n Leerling ontvang 'n afwesigheidstrokie by sy/haar Registeronderwyser; moet deur die Departementshoof geteken word, wat dan by die skoolkantoor ingedien word. Ouer/Voog moet leerder by skoolkantoor uitteken, voordat die terrein verlaat mag word.

3.11 Geen leerling mag aan voertuie by die skool peuter nie.

3.12 Klipgooiery op die skoolterrein is verbode.

3.13 Hande in die broeksakke op die skoolterrein is 'n oortreding.

3.14 Seuns en meisies moet 'n gesonde afstand tussen mekaar handhaaf. Hande vashou, soen en 'n gehang aan mekaar, word nie toegelaat nie.

3.15 Boeksakke moet altyd netjies in rye op aangewese plekke gelaat word (kyk na geel strepe op stoepe).

3.16 Versiering van boeksakke is verbode.

3.17 Dorpsleerlinge mag nie by koshuise wees sonder die toestemming van die betrokke koshuisouers nie.

3.18 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

3.19 Die besit, vertoning, verspreiding, vervaardiging, skepping of produksie van pornografiese materiaal in gedrukte, elektroniese of ander formaat, tydens enige skoolaktiwiteit, of wanneer leerders geklee is in die skooluniform en identifiseerbaar is as leerders van die skool, is verbode.

3.20 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word. Die skoolhoof mag egter toestemming gee om sekere items skool toe te bring vir opvoedkundige doeleindes.

3.21 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.22 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

a) optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
b) die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
c) die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
d) bakleiery, aanranding of mishandeling;
e) onsedelike gedrag of 'n gevloek;
f) die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
g) enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
h) diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
i) onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
j) oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;
k) herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
l) strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
m) seksuele teistering;
n) viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;
o) die oortreding van eksamenreëls; en
p) opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

## 4. KLASREËLS

4.1 Die klasopvoeder moet, ná oorleg met die klasleerders sowel as hul ouers, klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode aanvaar word, en aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar.

4.2 Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –

4.2.1 onmiddellik by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word;

4.2.2 in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en

4.2.3 aan alle leerders en hul ouers beskikbaar gestel word.

4.3 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.

4.4 Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

## 5. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG

### 5.1 NETHEID : SEUNS

1 Seuns se hare moet te alle tye kort en netjies wees – paslik vir 'n skoolseun. Geen nuwerwetse, of afwykende haarstyle word toegelaat nie. Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat kort en netjies is. Geen uitspattige haarstyle word toegelaat nie. Die aanvaarbare style word in 'n vergadering met die seuns bevestig. Die klem is nie op modebewustheid nie. Geen uitspattige modegiere word toegelaat nie.

2 Slordige hare is ontoelaatbaar. Die hare mag nêrens toiingrig, punterig of in slierte hang nie.

3 Hare moet netjies en skoon gedra word.

4 Direk om die ore moet dit skoon geknip wees. Hare mag nie oor die ore steek nie. Hare mag nie laer as 'n vingerbreedte bokant bokant die wenkbroue hang nie. Die voorhoof moet oop en skoon wees.

5 Hare voor die ore – "side wiskers" – mag nie laer as die middel van die oor wees nie.

6 Die hare moet bo en langs die kante kort wees.

7 Hare moet geleidelik korter word na onder. Geen "punk" en/of "steps" word in die hare toegelaat nie.

8 Dit mag gelyk gesny word, maar die neklyn moet netjies gehou word.

9 Hare mag nie uitermatig van kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat word nie.

10 "Gel" en ander smeermiddels word nie toegelaat nie.

11 Kleur van hare word nie toegelaat nie (dit sluit die Matriefafskeid in), ook nie "highlights" nie.

12 Seuns MOET altyd geskeer wees.

13 Hemde mag nooit uithang nie; kouse moet netjies opgetrek wees en dasse moet netjies wees.

**5.2 NETHEID : DOGTERS**

14 Hare mag nie los oor die kraag hang nie. Dit moet netjies saamgebind word.
15 Geen ekstreme / ultra-moderne haarstyle nie.
16 Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak nie.
17 Geen hare mag in, of langs die gesig, hang nie. Alles moet saamgebind wees.
18 Geen gekleurde, of permanent gegolfde, hare word toegelaat nie.
19 "Gel" en ander smeermiddels word nie toegelaat nie.
20 Geen haarsprei in meisies se hare.
21 Alle krammetjies, knippies, rekkies, linte, ens., moet groen, geel, of wit, wees (lint-rekkies beskikbaar by Klerewinkel). Die deurskynende rekkie is ook toelaatbaar. **Geen dekoratiewe bykomstighede nie – linte wat dekoratief is, is ook nie toelaatbaar nie**. Rekkies en 'scrunchies' mag geen kolletjies / strepies ophê. Graad 12-dogters mag swart of bruin rekkies/linte/knippies dra.
22 Graad 12-dogters ontvang vergunning om 'n maand voor die matriekafskeid hulle hare te kleur. Dit moet dan die begin van die vierde kwartaal weer reg wees. Indien nie uitspattig gekleur nie en binne perke, hoef dit nie teruggekleur te word nie.
23 Naels moet kort en netjies wees. As handpalms na bo wys, mag die naels nie sigbaar wees nie. Deurskynende naellak is toelaatbaar. Geen geverfde toonnaels is toelaatbaar nie, behalwe deurskynend. Kunsnaels is nie toelaatbaar nie.
24 Geen grimering en/of onderlaag is toelaatbaar nie.
25 Slegs ringetjies en knoppies van silwer, of goud, mag gedra word as oorbelle. Ringetjies se maksimum grootte - 15mm in deursnee. Knoppies se maksimum grootte – 3mm. Geen steentjies (diamante, of gekleur) is toelaatbaar nie. Slegs een oorbel per oor word toegelaat.
26 Dun 'Alice bands' word toegelaat – groen, geel, of wit. Haarbande (nie breër as 1cm) word toegelaat in die skool se kleure (groen, geel of wit).
27 Die "tint" / kleur / tatoeër ('microblading') van wenkbroue is nie toelaatbaar nie.
28 Indien hare gekleur word, moet dit teruggekleur word na oorspronklike kleur en mag nie weer gekleur word nie. In hierdie tydperk moet 'n bolla of franse vlegsel gedra word – selfs met gewone-klere-dae en sokkies.
29 Die aanbring van kontrasterende ligstrepies is nie toelaatbaar nie.
30 Vlegsels, ingeweefde hare en verlengstukke moet so na as moontlik aan die natuurlike haarkleur wees.
31 Geen krale / linte mag ingeweef word nie.
32 Waar ekstra hare ingeweef / ingevleg is, mag dit nie te veel hare wees nie. Dit moet natuurlik tot die kopgrootte voorkom. Die lengte van die ingeweefde hare moet aanvaarbaar wees en nie langer as die middellyn wees nie.
33 Wanneer hare uitgekam word (afro) moet dit weg van die gesig wees en nie groter in verhouding tot die kop wees nie – dit moet netjies wees.

34 Lang hare wat gevleg is of in poniesterte vasgemaak is, moet teen die kop vasgemaak wees.
35 Hare mag nie geskeer word of ekstreme style gesny word nie.
36 Hare mag los wees vir sokkies, maar NIE vir gewone-klere-dae nie.

**5.3 SKOOLDRAG : SEUNS**

Maandae en Vrydae moet 'n skoolbaadjie gedra word vir Saalbyeenkomste.

5.3.1 SOMER -

Kindertuin: Grys kortbroek, grys kortmou skoolhemp en skoolbaadjie op Maandae en Vrydae. Skoolkouse met strepies op.
Dinsdae tot Donderdae mag sporthempie en sportbroekie gedra word. Mag kaalvoet skool toe kom.

Laerskool : Grys kortbroek en grys kortmou skoolhemp – geen vellies. Skoolkouse met strepies op.

Gr. 4-6 : Mag kaalvoet skool toe kom (Dinsdae tot Donderdae) in kwartaal 1 en 4). Nie Maandae en Vrydae as dit saal is nie.

Hoërskool : Grys kortbroek en grys kortmou skoolhemp – geen vellies. Skoolkouse met strepies op.

Graad 12 : 'Khaki chino' langbroek en wit skoolhemp met matriekdas – geen vellies en/of 'cowboy-boots' nie.

5.3.2 WINTER -

Indien dit BAIE koud is, mag die laerskool (graad 1 tot 6) 'n skoolsweetpak dra.

<u>Graad 1 tot 3:</u>

Maandae en Vrydae:

Skoolsweetpak; grys langmouhemp; skooldas; skooltrui; tekkies; wit Wilgerivier sportkouse. **<u>OF</u>**
Grys langbroek; grys langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart/bruin skoolskoene; grys skoolkouse met strepies op – geen vellies.

Dinsdae tot Donderdae:

Skoolsweetpak; grys langmouhemp; skooldas; skooltrui; tekkies; wit Wilgerivier sportkouse.

<u>Graad 4 tot 7:</u>

Maandae tot Vrydae:

Grys langbroek; grys langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart/bruin skoolskoene (geen vellies); grys skoolkouse met strepies op.

<u>Graad 8 tot 12:</u>

Maandae tot Vrydae:

Grys langbroek; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart/bruin skoolskoene (geen vellies); grys skoolkouse met strepies op.

Graad 12 'Khaki chino' langbroek met bruin of bypassende skoolkouse.
Matriekbaadjie en -das is toelaatbaar op Dins-, Woens- en Donderdae.
Maan- en Vrydae moet skoolbaadjies gedra word.
Matriekbaadjies mag nie saam met skoolbaadjies gedra word nie.

5.3.3 Maandae en Vrydae is Kleurbaadjies verpligtend vir alle seuns.
5.3.4 Gedurende die Junie-eksamen mag die hele skool skoolsweetpakke dra.
5.3.5 Moue mag nie opgerol word nie.
5.3.6 Slegs swart skoolskoene met veters, of bruin veterlose boere 'boots', is toelaatbaar.
5.3.7 Swart lyfbande ("belt") is toelaatbaar (sonder buitensporige "buckle"). 'n Bruin gordel / "belt" mag by grys skool langbroek gedra word, indien bruin skoene gedra word. Geen ander "buckle" behalwe skool "buckle" is toelaatbaar nie!
5.3.8 Skooltruie/-baadjie se moue mag nie opgerol word nie.
5.3.9 Geen serp sonder baadjie nie.
5.3.10 Slegs groen handskoene mag in die winter gedrag word.
5.3.11 Geen pet mag saam met skoolklere gedra word nie!
5.3.12 Skoolkouse moet die skool se strepies op hê.

**5.4 SKOOLDRAG : DOGTERS**

Maandae en Vrydae moet 'n skoolbaadjie gedra word vir saalbyeenkomste.

5.4.1 SOMER -

Kindertuin: Skooljurk met kortmou wit skoolhemp en baadjie op Maandae en Vrydae. Dinsdae tot Donderdae mag sporthempie en sportbroekie gedra word. Mag kaalvoet skool toe kom.

Laerskool : Skooljurk met kortmou wit skoolhemp.

Hoërskool : Groen skoolromp met kortmou wit skoolhemp (nie deurskynend nie, andersins is wit hempie onderaan verpligtend).

Graad 12 : Soos deur personeel goedgekeur – 'chino'-rompie.

5.4.2 WINTER -

Indien dit BAIE koud is, mag die laerskool (graad 1 tot 6) 'n skoolsweetpak dra. Die Laerskool <u>kan</u> <u>ook</u> die groen langbroeke dra met langmou wit skoolhemp en skooldas.
GEEN kortkouse onder sykouse is toelaatbaar nie.
Slegs skoolserpe en Wilgie-komberse is toelaatbaar.

<u>Graad 1 tot 3:</u>

Maandae en Vrydae:

Skoolsweetpak; wit langmouhemp; skooldas; skooltrui; tekkies; wit Wilgerivier sportkouse.

**<u>OF</u>**

Groen skoollangbroek; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; swart opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE.

**<u>OF</u>**

Groen skoolrok; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; swart opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE.

Dinsdae tot Donderdae:

Skoolsweetpak; wit langmouhemp; skooldas; skooltrui; tekkies; wit Wilgerivier sportkouse.

Graad 4 tot 7:

Maandae tot Vrydae:

Groen skoollangbroek; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; swart opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE.

**OF**

Groen skoolrok; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; swart opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE.

(GRAAD 1 TOT 6 HOEF NIE KWARTAAL 1 EN 4 SKOOLSKOENE TE DRA NIE.)

Graad 8 tot 11:

Maandae tot Vrydae:

Groen skoollangbroek; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; swart opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE.

**OF**

Groen skoolrok; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; swart opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE.

Graad 12:

'Chino'-skoolromp; wit langmouhemp; skooldas; skoolbaadjie; skooltrui; swart skoolskoene; bypassende opaque broekiekouse ('tights') - NIE-DEURSKYNENDE KOUSE NIE. Matriekbaadjie en -das is toelaatbaar op Dins-, Woens- en Donderdae. Matriekbaadjies mag nie saam met skoolbaadjies gedra word nie.

5.4.3 Roklengte : As die dogter op haar knieë staan, moet die soom nie meer as 15cm van die grond af wees nie.
5.4.4 Maandae en Vrydae is Kleurbaadjies verpligtend.
5.4.5 Moue mag nie opgerol word nie.
5.4.6 Slegs swart skoene en wit skoolkouse is toelaatbaar.
5.4.7 Wit skoolkouse moet teruggevou wees tot bokant enkelbeentjie.
5.4.8 Skooltruie/-baadjie se moue mag nie opgerol word nie.
5.4.9 Geen serp sonder baadjie nie.
5.4.10 Slegs groen handskoene mag in die winter gedrag word.

## 6. SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

**NB!!** Die dra van "sneakers" is te alle tye ontoelaatbaar.
Slegs die eerste spanne word toegelaat om ander uitrustings (deur Beheerliggaam goedgekeur) te dra. Alle ander spanne moet dieselfde lyk.

Seuns en dogters mag in 'skipant' deelnaam aan atletiek, maar voor en na item moet 'n atletiekbroekie bo-oor aangetrek word.

SOMER EN WINTER: Sportdrag wat skool toe aangetrek word : sweetpakbroek, tekkies en sporthemp met sweetpakbaadjie. Sportbroekie is toelaatbaar in die somer.

Die Wilgerivier opwarmingshempie mag slegs deur 'n netbal- & tennisspelers gedra word.

DRAG OP SPORTVELD:

6.1 Atletiek:
- 6.1.1 Wilgerivier sporthempie / frokkie en groen skoolbroekie ('skipant').
- 6.1.2 Slegs tekkies met WILGIE kouse is toelaatbaar.
- 6.1.3 Skoolsweetpak (sportdrag) tydens skoolure en op bus.

6.2 Netbal:
- 6.2.1 Eerste span : Soos deur personeel goedgekeur.
- 6.2.2 Ander spanne : Wilgerivier sporthempie en romp.
- 6.2.3 Skoolsweetpak (sportdrag) tydens skoolure en op bus.

6.3 Rugby:
- 6.3.1 Eerste span : Soos deur personeel goedgekeur.
- 6.3.2 Ander spanne : Wilgerivier rugbytruie en wit broek.
- 6.3.3 Skoolsweetpak (sportdrag) tydens skoolure en op bus.

6.4 Tennis:
- 6.4.1 Eerste span : Soos deur personeel goedgekeur.
- 6.4.2 Ander dogterspanne - Wilgerivier sporthempie en romp/broek.
- 6.4.3 Ander seunspanne - Wilgerivier sporthempie en wit broekie.
- 6.4.4 Skoolsweetpak (sportdrag) tydens skoolure en op bus.
- 6.4.5 Eenvormige pette mag gedra word.

6.5 Krieket:
- 6.5.1 Eerste span hoërskool : Lang wit krieketbroek met wit kriekethemp.
- 6.5.2 Ander hoërskoolspanne : Wilgerivier sporthempie, wit broekie en rugbykouse.
- 6.5.3 Eerste span laerskool : Lang wit krieketbroek met Wilgerivier sporthempie.
- 6.5.4 Laerskoolspanne : Wilgerivier sporthempie, Wilgerivier broekie en rugbykouse.
- 6.5.5 Skoolsweetpak (sportdrag) tydens skoolure en op bus.
- 6.5.6 Eenvormige pette mag gedra word.

6.6 Hokkie:
- 6.6.1 Eerste span : Soos deur personeel goedgekeur.
- 6.6.2 Ander spanne : Wilgerivier sporthempie, -romp en rugbykouse.
- 6.6.3 Skoolsweetpak (sportdrag) tydens skoolure en op bus.

6.7 Landloop:
- 6.7.1 Atletiekbroekie en Wilgerivier Sporthempie/-frokkie.

## 7. DEELNEMERS AAN SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

7.1 Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal.

7.2 Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in ʼn aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien ʼn skriftelike verskoning vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van ʼn aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- of kultuurhoof nie later nie as drie dae na afloop van die betrokke aktiwiteit ʼn skriftelike verskoning ontvang.

7.3 Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:

7.3.1 die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;

7.3.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en

7.3.4 die spankaptein.

7.4 Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

## 8. TOESKOUERS EN ONDERSTEUNERS BY SPORT- EN ANDER BUITEMUURSE AKTIWITEITE

8.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.

8.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.

8.3 Bostaande reëls geld ook enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

**9. GEWONE KLEREREËLS:**

Reëls vir dogters met gewone klere – geld vir sokkies ook:

9.1 Kortbroeke moet in die middel van jou bobeen wees (geen kortbroekies nie) – 15cm soos skoolrompies.
9.2 Rokkies / Rompies moet dieselfde lengte wees as vir skoolrokke.
9.3 Hare mag los gedra word vir sokkies, maar nie vir gewone-klere-dae by die skool nie.
9.4 **Geen grimering – ook geen onderlaag en/of maskara nie (geringe grimering vir sokkies en moet die volgende dag verwyder wees).**
9.5 Geen 'spaghetti'-hempies nie.
9.6 Geen lae hals hempies, of ontblote magies, nie.
9.7 Maag mag nie uitsteek nie!
9.8 Geen ‘ski-pants’ is toelaatbaar nie. Indien dit wel gedra word, moet ‘n lang hemp bo-oor aangetrek word.
9.9 Onderklere mag nie wys, of uitsteek nie.
9.10 Juwele is toelaatbaar.

**10. SKOOLEIENDOM**

10.1 ‘Skooleiendom’ sluit die volgende in:

10.1.1 Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue

10.1.2 Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word

10.2 Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.

10.3 Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of ’n opvoeder van die skool nie.

10.4 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

10.5 Leerders mag nie enige skooleiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is ’n strafbare oortreding.

## 11. DIE VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS (VRL) EN SKOOLLEIERS

11.1 Die VRL en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline.

11.2 VRL-lede en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.

11.3 Alle leerders moet enige redelike voorskrif van ŉ lid van die VRL of ŉ ander skoolleier gehoorsaam, en moet die VRL en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

## 12. SKOOLKENNISGEWINGS & ONTGROENINGSPRAKTYKE

12.1 Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of ŉ opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien. D6-communicator word ook gebruik vir die oordra van inligting.

12.2 Geen persoon mag ontgroeningspraktyke toepas of onderwerp word daaraan gedurende skoolaktiwiteite of in koshuise nie. (‘Act no. 32 of 2024)

## 13. SKOOLWERK EN HUISWERK

13.1 Daar sal te alle tye ŉ ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

13.2 Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.

13.3 Alle leerders sal ŉ huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.

13.4 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, ŉ skriftelike nota van sy/haar ouers met ŉ aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.

13.5 Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende ŉ deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder ŉ aanvaarbare verskoning, sal as ŉ oortreding van hierdie reël beskou word.

13.6 Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

13.7 Leerders beweeg vinnig in enkelgelid van die een klas na die volgende. Gesels in groepe of kleedkamerbesoeke gedurende klasruilings is nie toelaatbaar nie.

## 14. TOETSE EN EKSAMENS

14.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegs moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.

14.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

## 15. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE

15.1 Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle oor die vooraf- skriftelike toestemming beskik van die skoolhoof of 'n ander personeellid wat deur die skoolhoof genomineer is, en tensy hulle stiptelik aan enige voorwaardes voldoen waaraan gemelde toestemming onderhewig kan wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of VRL of 'n skoolleier versoek word om dit te toon nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys.

15.2 Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.

15.3 Leerders sal te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.

15.4 Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

## 16. Stiptelikheid

Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

Skoolure:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maandae TOT | Vrydae | : | Graad 4 tot Graad 12: | 07:25 tot 13:30 |
| | | | Graad 3 : | 07:25 tot 13:00 |
| | | | Graad 1 en Graad 2: | 07:25 tot 12:45 |

Leerlinge MOET bogenoemde tye te alle tye streng nakom. Leerlinge moet reeds 5 minute vóór die skool begin hier wees om aan te tree; daarom dat die skool 07:25 begin.

## 17. AFWESIGHEID VAN SKOOL

17.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs met die skriftelike toestemming van die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie.

17.2 Afwesigheid van die skool sonder ŉ aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraaiery beskou, wat streng verbode is.

17.3 Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer ŉ skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien ŉ brief deur ŉ geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om ŉ ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.

17.4 Indien 'n leerder siek word in skooltyd; 'n doktersafspraak het; of die skoolgronde om die een of ander rede moet verlaat, MOET die volgende 'roete' gevolg word:

1. Kry 'n toestemmingsbrief by die Registeronderwyser.
2. Neem hierdie brief na die Departementshoof
   (gr. 1-3: Annatjie Truter)
   (gr. 4-6: Pieter Meyer)
   (gr. 7-9: Juanita Richter)
   (gr. 10-12: Deon de Jager)
3. Bring die brief na die Skoolkantoor.
4. GEEN OUER MAG LEERLINGE BY DIE KLAS AFHAAL NIE. Leerlinge moet by die Skoolkantoor afgehaal word. Ouer teken leerling uit by skoolkantoor.

**ONS DOEN 'N BAIE ERNSTIGE BEROEP OP OUERS OM ASSEBLIEF NIE OP DIE SKOOLTERREIN TE WEES NIE. Maak asseblief 'n afspraak by die Skoolkantoor. Covid 19-protokolle sal te alle tye gevolg word - dra van maskers, sosiale distansiëring, sanitering van hande.**

## 18. OMGEWING

18.1 Leerders het die reg op ŉ veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.

18.2 Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.

18.3 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

18.4 Leerders moet toilette skoon agterlaat.

18.5 Enige optrede of versuim deur leerders wat ŉ gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.

18.6 Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie.

18.7 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

**19. VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE**

19.1 Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.

19.2 Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.

19.3 Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.

19.4 In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.

19.5 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns, objektiewiteit en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.

20. In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word.

**JF ENGELBRECHT**

Beheerliggaamvoorsitter

**H PELSTER**

Skoolhoof

**MNR SEKETE**

Kringbestuurder van Distrik

**Deel 3**

**Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders**

In geval van die oortreding van enige bepaling wat in die gedragskode vir leerders voorgeskryf word, moet hierdie dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure word wangedrag in drie kategorieë verdeel. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat gedoen kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word in die hantering van wangedrag.

Dit bly die verantwoordelikheid van die opvoeder om primêre dissipline toe te pas in sy/haar klaskamer.

Vir doeleindes van prosedurele aangeleenthede sal oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou word, en sal dieselfde prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van omstandighede, geld.

Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in.

**1. Dissiplinêre oortredings**

**1.1 Kategorie A-oortredings (1 punt)**

a) Liefkosing / omhelsing / hande vashou in skooldrag, of by enige skoolaangeleentheid.
b) Betreding van verbode terrein en/of lokale.
c) Laat vir skool.
d) Rommelstrooiing - binne en/of buite terrein.
e) Sit op verkeerde plek in klaskamer en/of eksamenlokaal.
f) Eet / Drink / Kou in klaskamer.
g) Negatiewe graffiti / slagspreuke / simbole op tas, dagboek of skooleiendom.
h) Wangedrag / Swak gedrag.
i) Ry met fiets / skaatsplank op skoolterrein / sportvelde.
j) Akademiese oortredings – boeke / instrumente vergeet, huiswerk nie gedoen nie / boeke nie geteken nie, afwesighede gedurende klastyd, oortree klasreëls. Versuim om duidelik gestelde opdragte uit te voer.
k) Versuim om skeurstrokie terug te bring / toetse te laat teken / skrywes aan ouers te gee.
l) Doen ander vak se werk in klas. Leen huiswerk uit vir afskryf. Skryf huiswerk af.
m) Oortredings / wangedrag by skoolaktiwiteite / sportbyeenkomste / sokkies.
n) Persoonsoortredings – voorkoms nie volgens skoolreëls nie.
o) Steek eiedom weg.

1.2 **Kategorie B-oortredings (5 punt)**

a) Ondermyning van gesag teenoor onderwysers / leerlingraad.
b) Uitdaag van / verset teen gesag.
c) Leuenagtige getuienis, of weerhouding van inligting gedurende ernstige ondersoeke, of verhore.
d) Verontagsaming van die skool se dissiplinêre stelsel.
e) Geweld – baklei, intimidasie, afknou, klipgooi, rassistiese aanmerkings, spoeg, byt, boelie, dreig, aanranding, verbale viktimisasie / klipgooi.
f) In die teenwoordigheid van rokers, OF in besit van sigaretaanstekers, OF sigarette / ruik na rook.
g) Hare nie volgens skoolreëls nie.
h) Vloek en kwetsende opmerkings teenoor ander.
i) Selfone / elektroniese apparate sigbaar in klas.
j) Laai van ongemagtigde sagteware op skoolrekenaars.
k) Afwesig sonder verlof.
l) Opsetlike beswaddering van leerders / personeel.
m) Beskadiging van leerderondersteuningmateriaal (handboeke).
n) Daag nie op vir detensie.
o) Persoonsoortredings:
   - taalgebruik (vloek);
   - hare gekleur.

1.3 **Kategorie C-oortredings (15 of 20 punte na gelang van erns van oortreding)**

Ernstige oortredings:
Die volgende oortredings val in hierdie kategorie:

a) Vandalisme - die leerling moet ook die skade herstel. Die skool kan die herstel of vervanging doen en dan sal 'n rekening aan die ouer gestuur word. (15punte)
b) Oneerlikheid – afskryf van toetse / eksamens. (15punte)
c) Kuberboelie / Sexting. (15punte)
d) Besit van gevaarlike wapen. (15punte)
e) Propagering / beoefening van satanisme of okkultiese bedrywighede. (20punte)
f) Onder die invloed van / in besit wees van alkoholiese drank of dwelms in skooltyd / by skoolfunksies / **in die openbaar in skooldrag / op die skool- of sportterrein.** (20 punte)
g) Kriminele oortredings, bv: diefstal; aanranding (ook na ure buite terrein). (20punte)
h) Seksuele teistering. (20punte)
i) Pornografie: foto's, of op selfone. Besit van enige vorm van pornografiese / satanistiese materiaal. (20punte)
j) Dreig met gevaarlike wapen. (20punte)
k) Aanranding van personeel. (20punte)

**2. Dissiplinêre optredes:**

1. Enige Kategorie A- en B-oortredings word deur personeel aangeteken op betrokke toepassing (Dbeatle). Kategorie C-oortredings word deur die Fasehoofde aangeteken.
2. Hierdie inligting word oorgedra op SAMS vir die nodige papierspoor.
3. Ouers ontvang na 24 uur na die oortreding 'n SMS van oortreding, asook die betrokke Fasehoof.
4. Sodra 'n leerder 5 punte akkumuleer, word 'n SMS na ouers gestuur deur die Fasehoof en 1 pouse detensie word toegeken. Graadhoofde kontroleer en rapporteer aan die Fasehoof nie opgedaag het vir detensie. Fasehoofde kontak die ouers ook telefonies.
5. Sodra 'n leerder 10 punte akkumuleer, word 'n SMS aan die ouer gestuur. Fasehoofde reël 'n afspraak met die ouers, 1 week (elke pouse) se detensie word toegeken.
6. Sodra 'n leerder 15 punte akkumuleer, word 'n SMS aan die ouer gestuur. Interne dissplinêre verhoor vind plaas. Dit word hanteer deur die Bestuurspan. Straf word bepaal deur die Bestuurdspan. Fasehoof reël afspraak met ouers saam met Skoolhoof.
7. Sodra 'n leerder 20 punte akkumuleer, word 'n SMS aan die ouer gestuur. Eksterne dissiplinêre verhoor word deur Beheerliggaam gedoen. Straf word bepaal deur die dissiplinêre komitee.
8. Sodra 'n leerder 'n straf uitdien, word 'n dienooreenkomstige positiewe punt aan die leerder gegee sodat sy puntetotaal weer op '0' te staan kan kom.
9. 'n Opsomming van die oortredings en optredes word elke kwartaal saam met die leerder se rapport aan die ouers gestuur.
10. Opvoeders, Fasehoofde en Dissplinêre komitee is by magte om die volgende stafmaatreëls toe te pas:
    a) Mondelinge of skriftelike waarskuwings.
    b) Een pouse detensie (toesigrooster sal uitgewerk word).
    c) Een week elke pouse detensie (toesigrooster sal uitgewerk word).
    d) Voorregte kan ontneem word, m.a.w. geen sokkies, geesvang of enige ander bedrywighede.
    e) Eksamenblokvoorregte kan ontneem word.
    f) Gemeenskapsdiens.
    g) Ontneming van sportdeelname.
    h) Herstel of vervanging van beskadigde eiendom.
    i) Ontneming van erekleure.
    j) Tydelike skorsing.
    k) Ontneming van leerlingposisie.
    l) Aanbeveling tot permanente uitsetting.
11. Indien die beheerliggaam besluit om die uitsetting van die leerder by die Onderwyshoof aan te beveel, kan die beheerliggaam die leerder vir ŉ redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.
12. Na afloop van ŉ verhoor waarin enige leerder aan die oortreding van koshuisreëls skuldig bevind word, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van voormelde strawwe oplê, of die leerder vir enige gepaste tydperk van koshuisinwoning skors, of die leerder uit die koshuis uitsit.

13. Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag (kategorie C) gepleeg het vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors, maar kan slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerder 'n redelike geleentheid ontvang het om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig.

**3. Dissiplinêre verhoor**

3.1 Voorlopige ondersoek

Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik 'n ernstige oortreding (kategorie C) begaan het, kan die skoolhoof 'n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of 'n dissiplinêre verhoor nodig is.

3.2 Verhoor

3.2.1 Die ondersoekbeampte stel 'n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

3.2.2 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

3.2.3 Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

3.2.4 Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof.
Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

3.2.5 Die leerder moet deur sy/haar ouer of 'n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldigde leerder bywoon nie.

3.2.6 Wanneer 'n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

3.2.7 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7)–(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. 'n Persoon

wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

3.2.8 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

3.2.9 Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

3.2.10 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

3.2.11 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

3.2.12 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

3.2.13 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg 'n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

3.3 Uitspraak en strafmaatreël

3.3.1 In geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogtens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.

3.3.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

## 4. Interne appèl

4.1 'n Party wat ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die beheerliggaam se dissiplinêre komitee sal die reg hê om binne 24 uur nadat hy/sy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam teen die skuldigbevinding, die opgelegde strafmaatreël, of albei, te appelleer.

4.2 Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.

4.3 Binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl moet die voorsitter van die beheerliggaam ʼn appèlkomitee saamstel wat uit ʼn lid van die beheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, kan nie in die appèlkomitee ook dien nie.

4.4 Die voorsitter van die beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee oorhandig, en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.

4.5 Die ander party sal geregtig wees om binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.

4.6 Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot ʼn oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl, en enige vertoë wat die ander party voorlê.

4.7 Enige party wat verdere getuienis wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 24 uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

4.8 Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet ʼn volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

4.9 Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.

4.9 Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

4.10 Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

a) die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;

b) ʼn alternatiewe strafmaatreël oplê (wat ʼn swaarder straf insluit); en

c) enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

**5. Algemene bepalings**

Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam ʼn persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

**JF ENGELBRECHT**

Beheerliggaamvoorsitter

**H PELSTER**

Skoolhoof

**Deel 4**

**Voorbeelde**

1. Kennisgewing van 'n dissiplinêre verhoor
2. Kennisgewing van die uitslag van 'n dissiplinêre verhoor
3. Pleit- en vonnisooreenkoms

**KENNISGEWING VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL**

**Naam van die leerder:**
**Adres:**

**Vir handaflewering**

Neem asseblief kennis dat u op die datum, tyd en plek onderaan hierdie kennisgewing voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam moet verskyn om te antwoord op die klagte(s) wat teen u ingebring is, waarvan die besonderhede hier onder verskyn:

Klag(te)

U word van wangedrag aangekla aangesien u na bewering:

1 reël (*vul reëlnommer in)* van die skool se gedragskode op ____________________ (*vul datum van oortreding in*) te _____________ (*vul plek van oortreding in*) oortree het deur ______________ (*gee bondige opsomming van die besonderhede van die oortreding*); en

2 (*Herhaal bostaande indien nóg oortredings beweer word.)*

Let asseblief op die volgende:

1. U is geregtig om gedurende die verrigtinge deur u ouer of iemand wat deur u ouer aangewys is, verteenwoordig te word.
2. Indien u van plan is om van regsverteenwoordiging gebruik te maak, moet die proses vir toestemming daarvoor soos dit in die skool se gedragskode voorgeskryf word, gevolg word. U sal self vir die koste van u regsverteenwoordiging verantwoordelik wees.
3. U sal geregtig wees om getuies wat teen u kan getuig, te ondervra; om self te getuig; om u eie getuies te roep; om dokumentêre getuienis wat teen u aangebied kan word, te ondersoek, en ook self dokumentêre getuienis voor te lê.
4. Dit is u verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat u wil roep om namens u te getuig, by die verrigtinge teenwoordig is en bly so lank as wat hul teenwoordigheid vereis word.
5. U sal daarop geregtig wees om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek.
6. Die taal waarin die ondersoek gehou sal word, is die taal van die skool. Indien u die dienste van ŉ tolk sou benodig, moet u self daarvoor voorsiening maak.

7. Indien u versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling daarvan teenwoordig te wees, kan die verrigtinge in u afwesigheid voortgesit en afgehandel word.
8. Dit is u verantwoordelikheid om u te vergewis van die skool se reëls met betrekking tot dissiplinêre verrigtinge, soos dit in die skool se gedragskode vervat word.
9. Woon asseblief die verrigtinge in skooldrag by.

**Datum van verhoor:**

**Tyd van verhoor:**

**Plek van verhoor:**

________________________ ____________

**SKOOLHOOF** **DATUM**

Ek, __________________, erken hiermee ontvangs van die brief op ___________________.

________________________ ___________________

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

**KENNISGEWING VAN DIE UITSLAG VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL**

**Naam van die leerder:** **Naam van die aanklaer:**
**Adres:**

**Vir handaflewering**

Ontvang asseblief kennis van die uitslag van die dissiplinêre verhoor op __________ (*vul datum in)* met betrekking tot die klagte(s) wat teen _______________ (*vul naam van leerder in)* ingebring is.

Klag(te)

1. (*Vul bloot in 'skuldig' of 'onskuldig'.)*
2. *(Herhaal bostaande indien nóg oortredings beweer is.)*

Redes vir die bevinding:

(*Verskaf volledige redes vir die komitee se bevinding.)*

Straf

Die straf wat u opgelê word, is soos volg:

1. (*Vul die besonderhede van die straf in.)*
2. *(Herhaal bostaande indien nóg skuldigbevindings uitgebring is.)*

Redes vir die straf

*(Verskaf volledige redes vir die komitee se besluit oor die straf.)*

______________________ ____________

**Voorsitter: Dissiplinêre komitee** **DATUM**

Ek, _________________, erken hiermee ontvangs van die brief op __________________.

______________________ ______________________

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

_____________________
Handtekening van aanklaer

**Pleitooreenkoms tussen die beheerliggaam van Hoërskool Wilgerivier en (leerder)**

**1. INLEIDING**

Aangesien:

1.1 die leerder van ___________________ (*sit die besonderhede van die klag/klagte hier uiteen)* aangekla word,

kom die partye hierin nou soos volg ooreen:

**2. OORLEGPLEGING**

2.1 Die aanklaer, _________________(naam), is skriftelik deur die beheerliggaam daartoe gemagtig om met die leerder te onderhandel en ŉ ooreenkoms aan te gaan.

2.2 Die aanklaer en die leerder, wat deur ____________________ (prokureur) verteenwoordig word, het onderhandel en hierdie ooreenkoms aangegaan met betrekking tot ŉ pleit van skuldig deur die leerder en ŉ gepaste straf wat deur die beheerliggaam opgelê sal word.

2.3 Die aanklaer het met die beheerliggaam en die betrokke slagoffer (*indien ŉ medeleerder/die skool of iemand anders as gevolg van die leerder se optrede skade gely het*) oorleg gepleeg en hulle die geleentheid gebied om aanbevelings oor die inhoud van die ooreenkoms te maak. Die betrokke partye is tevrede met die inhoud van die ooreenkoms.

**3. DIE LEERDER SE REGTE**

3.1 Die leerder erken dat hy/sy voor die aangaan van hierdie ooreenkoms ten volle van die volgende regte ingelig was:

3.1.1 Dat hy/sy onskuldig geag word totdat hy/sy bo alle redelike twyfel skuldig bewys word

3.1.2 Dat hy/sy kan swyg en nie gedurende die verrigtinge hoef te getuig nie

3.1.3 Dat hy/sy nie verplig word om selfbeskuldigende getuienis af te lê nie

3.1.4 Dat hy/sy nie verplig word om hierdie ooreenkoms aan te gaan nie

**4. OPSOMMING VAN DIE TERSAAKLIKE FEITE**

*SIT FEITE HIER UITEEN*

**5. PLEIT EN FORMELE ERKENNING**

5.1 Die partye stem saam en het ooreengekom oor die volgende feite. Die leerder pleit soos volg en maak die volgende erkennings:

5.2 Die leerder erken dat hy/sy die klag, soos dit in die klagstaat uiteengesit word, gelees het; dat hy/sy die aard en betekenis daarvan verstaan, en dat hy/sy skuldig pleit ten opsigte van die klag van ________ (*herhaal net kortliks die besonderhede van die klag/klagte),* en bevestig die volgende:

5.3 Die leerder erken dat hy/sy vrywillig, ongedwonge, ten volle bewus, en sonder onbehoorlike bëinvloeding die ooreenkoms aangegaan het.

5.4 Die leerder erken voorts dat hy/sy persoonlik kennis dra van die skulderkennings hier onder:

5.5 *SIT FEITE VAN OORTREDING HIER UITEEN*

5.6 Die leerder erken ook dat hy/sy deurgaans bewus was dat sy/haar optrede teenstrydig is met die skool se gedragskode, en dat hy/sy gestraf kan word.

**6.VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE**

6.1 Die leerder het skuldig gepleit.

6.2 Die leerder het geen vorige veroordelings nie (indien van toepassing).

6.3 *NOEM VERDERE OMSTANDIGHEDE WAT VAN TOEPASSING KAN WEES*

**7. VERSWARENDE OMSTANDIGHEDE**

7.1 Die betrokke oortreding is van 'n ernstige aard.

7.2 Die oortreding was voorbedag (indien van toepassing).

7.3 *NOEM VERDERE OMSTANDIGHEDE WAT VAN TOEPASSING KAN WEES*

## 8. OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N REGVERDIGE STRAF

8.1 Die betrokke partye het ooreengekom oor 'n gepaste straf, en versoek die beheerliggaam om die straf op te lê.

8.2 Die erns van die ooreenkoms, die belang van die skoolgemeenskap, en die persoonlike omstandighede van die leerder is deur al die partye in ag geneem.

8.3 Die partye kom ooreen dat die volgende in die betrokke omstandighede 'n billike en regverdige straf uitmaak:

*SIT STRAF HIER UITEEN*

**GETEKEN TE _______________ OP HIERDIE _____ DAG VAN _______20__**

___________________

LEERDER

___________________

REGSVERTEENWOORDIGER VAN DIE LEERDER

___________________

AANKLAER

**Deel 5**

## *Koshuisbeleid en -reëls*

### A. Koshuisbeleid

**1. Inleiding**

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van HOËRSKOOL WILGERIVIER, soos die beheerliggaam dit op 13 April 2021 goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering, en toepaslike provinsiale wetgewing.

**2. Algemeen**

2.1 Daar word van inwoners verwag om die koshuisbeleid en -reëls te ken en na te volg. 'n Afskrif daarvan sal op die koshuis se kennisgewingbord vertoon word.

2.2 Elke koshuisinwoner is, buiten hierdie koshuisbeleid en -reëls, ook gebonde aan die skool se gedragskode vir leerders.

2.3 Die koshuis sluit aan die einde van elke kwartaal – twee ure nadat die skool gesluit het. **Die koshuis sal oop wees die dag voor die skool begin, vanaf 14:00 tot 17:00.**

2.4 Die dag wat die skool vir die nuwe kwartaal begin, sal die koshuisdeure 06:00 open. Die matrone sal dan ook in die voorportaal wees om gelde te ontvang.

2.5 Matrieks **mag** in die vierde kwartaal privaat loseer. Reëlings in hierdie verband **moet asseblief vroegtydig getref word** met die koshuisvader/-moeder wat dan die matrone sal inlig.

2.6 Geen verantwoordelikheid word deur die personeel vir verlies van geld of enige kosbaarhede aanvaar nie. **Leerders se kaste moet te alle tye gesluit wees**.

2.7 Koshuisgangers word nie in die kombuis en eetsaal (behalwe etenstye) toegelaat nie en mag geen kos (behalwe vrugte) of eetgerei uit die eetsaal verwyder nie.

2.8 Geen voorwerpe mag deur die vensters gegooi word nie. Die terrein moet te alle netjies gehou word.

2.9 Tydens bekendstelling en die res van die jaar, mag geen kind deur 'n ander verneder of liggaamlik leed aangedoen word nie. Geen lyfstraf van watter aard ookal mag deur een leerder aan 'n ander toegedien word nie.

2.10 Wanneer koshuisgangers naweke of met vakansie vertrek, moet vensters gegrendel en kaste gesluit wees. Alle boeke en ander persoonlike eiendom moet in kaste toegesluit word. Kamers moet skoon en netjies gelaat word. Geen verantwoordelikheid word deur die Koshuis aanvaar vir items wat gedurende 'n vakansie in die kaste gelaat word nie.

2.11 Nadat die deure Vrydagmiddag gesluit het, sal niemand weer in die koshuis toegelaat word nie.

2.12 **BEWEGING NA EN VAN DIE SKOOL & NA EN VAN SPORT:**

a) Alle leerders moet die koshuis verlaat voor: 07:15 soggens.

b) Leerders beweeg op die sypaadjie en kruis die strate slegs by stoptekens of voetgangersoorgange na sportoefeninge.

c) Prefekte hou 'n oog oor die kleiner kinders en maak die veiligheidshek toe.

d) Leerders beweeg ook nie deur die tuine van woonhuise op pad na en van die sport nie.

e) Geen leerling word toegelaat om ooit alleen te stap nie.

2.13 Alle vorme van pornografie is streng verbode.
2.14 Inwoners mag nie in die gange hardloop, skree, fluit of onnodige geraas maak nie. Radio's is toelaatbaar slegs indien dit sag gespeel word.
2.15 Indien 'n inwoner om welke rede ook al nie betyds vir 'n bepaalde aktiwiteit sal opdaag nie, moet die koshuishoof vroegtydig ingelig word.
2.16 Inwoners moet sorg dat hulle koshuiskamers altyd netjies en skoon gehou word.
2.17 Die enigste tyd wanneer 'n inwoner die skool- of koshuisterrein 'sonder toestemming' mag verlaat, is gedurende algemene verlof om op 'n Woensdag winkels toe te gaan. Inwoners mag vanaf 14:00 tot 17:15 die dorp/winkels besoek. Besoek aan die dorp/winkels gedurende die week geskied na die goeddunke van die koshuishoof. Gedurende algemene verlof om winkels toe te gaan, moet inwoners koshuisdrag / skooldrag dra.
2.18 Inwoners moet hulle van enige optrede weerhou wat die skool en/of koshuis se beeld sal skaad. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die koshuis onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

**3. Toelating**

3.1 Toelating tot die skool impliseer nie outomaties toelating tot die koshuis nie. Daar bestaan geen grondwetlike reg op koshuisinwoning nie.
3.2 Uitsluitlik die beheerliggaam reguleer en beheer toelating tot koshuise.
3.3 Aansoek om toelating tot die koshuis moet saam met aansoek om toelating tot die skool geskied, tensy die beheerliggaam anders besluit.
3.4 Die beheerliggaam behou hom die reg van koshuistoegang voor.

**4. Losiesgeld en opsegging van losies**

4.1 **'n Deposito is betaalbaar sodra die beheerliggaam die leerder se aansoek om toelating tot die koshuis goedkeur en bevestig.**
4.2 Die deposito is nie terugbetaalbaar nie en sal aangewend word om die eerste kwartaal se losiesgeld te dek.
4.3 Elke koshuisouer is verantwoordelik vir die totale bedrag losiesgeld.
4.4 Leerders mag in die koshuis aanbly slegs indien hulle koshuisgeld opbetaal is.
4.5 Koshuisinwoners moet 'n kwartaal kennis gee indien hulle die koshuis aan die einde van 'n skooljaar gaan verlaat. Matrikulante word geag die koshuis aan die einde van hul matriekjaar te verlaat. Matrikulante wat hul matriekjaar wil of moet herhaal, moet heraansoek doen om toelating tot die koshuis.
4.6 Losiesgelde is streng vooruitbetaalbaar aan die begin van elke kwartaal, sonder dat 'n rekening of kennisgewing aan u gestuur word.
4.7 Ouers mag versoek word om hul kind/-ers uit die koshuis te neem as die gelde nie binne die eerste week van die kwartaal betaal word nie, of as 'n reëling nie getref word nie.
4.8 Ouers moet 14 dae voor die tyd kennis gee as 'n leerder die koshuis gaan verlaat – by gebreke daarvan, sal losiesgeld vir die res van die kwartaal nie terugbetaal word nie.
4.9 Indien 'n leerder op die eerste dag van die skoolkwartaal nie terug is in die koshuis nie en sy/haar ouers nie skriftelik of telefonies laat weet het dat hy/sy later gaan opdaag nie, sal so 'n leerder sy/haar plek in die koshuis verbeur.
4.10 Die leerder moet die laaste kwartaal van elke jaar weer aansoek doen vir plek in die koshuis vir die volgende jaar. Indien hy/sy by gebreke sou bly om die aansoek te voltooi, sal so 'n leerder sy/haar plek in die koshuis verbeur.

4.11 Beurse wat aan leerders toegeken word, sal onderhewig wees aan goeie dissipline en samewerking in die koshuis asook deelname en prestasies op sport, kultuur en akademiese gebied.

## B. Koshuisreëls

**KOSHUISGANGERS ONDERNEEM OM:**

a) Die welvaart, eer en goeie naam van die koshuis deur gedrag en voorbeeld te bevorder en hoog te hou.
b) Hul skoolpligte, ter wille van hulself, hul ouers en die koshuis, getrou na te kom.
c) Hulle te weerhou van enige moedswillige gedrag (openlik of agteraf), wat die tug of gladde verloop van koshuissake kan teëwerk of benadeel.
d) Altyd hoflik en behulpsaam teenoor meerderes en maats te wees.
e) Hulself te weerhou van vuil- en vloektaal of onbetaamlike gewoontes en te poog om sulke misbruike by die jonger leerders teë te werk en te ontmoedig.
f) By die huishoudelike reëls van die koshuis te hou.

### 1. Gedragskode en dissipline

1.1 Die koshuishoof, sy/haar personeel en koshuisleiers is verantwoordelik vir die handhawing van dissipline in die koshuis.
1.2 Geen vorm van ontgroening word toegelaat nie.
1.3 Geen bakleiery of fisiese hantering van inwoners word toegelaat nie.
1.4 Inwoners mag nie op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool/inwoners van die koshuis uitgeken kan word, rook, enige alkoholiese drank gebruik, of enigsins in besit wees van tabak, alkoholiese drank en verwante middels soos dwelms nie.
1.5 Haarstyle moet aan die skool se gedragskode voldoen.
1.6 Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen inwoners op die skool- of koshuisterrein is streng verbode.
1.7 Kleredrag
    1.7.1 Elke koshuis se kleredragreëls word volgens skoolreëls toegepas tydens skoolure.
    1.7.2 Na-ure moet leerlinge sindelik aangetrek wees.
1.8 Geen inwoner mag deur enige koshuisvenster of op enige koshuisdak klim of die koshuis op enige ander manier binnegaan as deur die aangewese deure nie.
1.9 Geen inwoner mag 'n koshuiskamer buiten sy/haar eie binnegaan nie, tensy met die nodige toestemming, of vergesel van die betrokke kamerbewoner.
1.10 Inwoners sal alle persone, wat koshuispersoneel, mede-inwoners en besoekers insluit, te alle tye met respek en waardigheid behandel.
1.11 Alle reëls in die skool se gedragskode sal geag word hierby inbegrepe te wees.

### 2. Besoekers

2.1 Alle besoekers moet by die personeellid aan diens aanmeld. Die betrokke inwoner sal geroep word om die besoeker by die voorgeskrewe besoekersarea te ontvang.
2.2 Besoekers is onderworpe aan die koshuisreëls, en moet dit respekteer.
2.3 Inwoners sal aanspreeklik gehou word vir die optrede van hulle besoekers.
2.4 Besoekers mag nie enige koshuiskamer sonder die toestemming van die personeellid aan diens binnegaan nie.

2.5 Onder geen omstandighede sal besoek sonder toestemming, gedurende studie-, etens- of slaaptyd toegelaat word nie.
2.6 Geen besoekers by vensters of ingange, kamers, ens. nie.
2.7 Besoekers mag alleen in die voorportaal ontvang word. Geen besoekers mag na die kamers beweeg nie – ook nie pa's of boeties nie.
2.8 Ouers of besoekers mag alleen met toestemming van die koshuisvader/-moeder of personeellid aan diens, 'n koshuisganger uit die koshuis neem.

**3. Siekte**

3.1 Wanneer 'n inwoner in skooltyd siek word, moet skriftelike toestemming van die Bestuurspan EN koshuishoof verkry word om die matrone te besoek.
3.2 Geen siek inwoner mag sonder die nodige toestemming in die kamer bly/gaan lê nie.
3.3 Ouers kan met die koshuishoof skakel wat die siekte en behandeling van hulle kinders betref.
3.4 Ouers dra volle verantwoordelikheid vir alle koste in verband met die siekte van hul kinders.
Die koshuisvader/-moeder sal die reg hê om, wanneer hulle dit noodsaaklik ag, 'n dokter in te roep. In noodgevalle sal die koshuisvader/-moeder die reg hê om toestemming te verleen vir die toediening van mediese behandeling aan die leerder. Die leerder moet die naam en nommer van die mediesefonds ken of beskikbaar hê.
3.5 Leerders wat siek voel, moet hulle dadelik by die koshuisvader/-moeder aanmeld. Indien 'n leerder die oggend siek voel, moet sy 25min na die opstaanklok gelui het (winter 06:55 en somer 06:25) by die koshuisvader/-moeder aanmeld.
3.6 Indien 'n leerder by die skool siek word, moet sy by die koshuisvader/-moeder aanmeld; daarna by die kantoor en dan dadelik koshuis toe gaan. 'n Toestemmingsbrief moet aan die matrone gegee word.
3.7 Indien 'n leerder nie skool toe gaan nie, mag sy ook nie die middag die koshuis verlaat of enige sport beoefen nie.
3.8 Die koshuis beskik nie oor 'n siekekamer nie en indien 'n leerder meer as een dag siek is, moet die ouers hom/haar kom haal.
3.9 Dit sal waardeer word as daar geen siek leerder Maandagoggend van die huis na die koshuis gebring word nie.

**4. Uitteken**

4.1 Die uittekenbeleid is bedoel om die inwoners en die skool en koshuis te beskerm.
4.2 Naweke:
Koshuise word gesluit vir naweke. Leerlinge MOET die koshuis ontruim.
4.2.1 Inwonende naweke: Indien leerlinge aan sportaktiwiteite moet deelneem oor 'n naweek, moet reëlings getref word met die koshuisvader/-moeder. Addisionele koste kan betrokke wees.
4.3 Vakansies: Dieselfde prosedures wat op naweke van toepassing is, geld vir vakansies.
4.4 Elke koshuis het 'n uittekenboek. Indien 'n inwoner die koshuis verlaat vir enige rede, moet hy/sy uitgeteken word, hetsy deur sy/haar ouers of 'n persoon wat oor 'n toestemmingsbrief van die ouer beskik.
4.5 Inteken: Inwoners, saam met hul ouer(s) of die persoon wat gedurende die naweek of vakansie vir die inwoners verantwoordelik was, meld met die inwoners se terugkeer na die koshuis by die personeellid aan diens aan.

4.6 GEEN leerling mag gedurende die week by 'n vriend of familie kuier of slaap nie. Leerlinge is OF die heel week in die koshuis OF die heel week uit – uitsonderlike gevalle kan met die koshuisvader/-moeder bespreek word.

4.7 Alle verlof wat u seun/dogter wil verkry, moet VOORAF (persoonlik of telefonies) deur die ouer bevestig word. Die ouer moet verkieslik self die leerder kom uitteken. Die uittekenregister (dat etes nie bygewoon gaan word nie), moet ingevul word.

4.8 Hierdie reëlings geld nie vir normale verlofaktiwiteite wat aan die diskresie van die koshuisvader/-moeder oorgelaat word nie, soos:

1. funksies by die skool;
2. sokkies;
3. besoek aan die dorp (Woensdae);
4. KJA en VCSV.

4.9 Bogenoemde beskou ons as huishoudelike reëlings binne 'n skool- en koshuisopset en die koshuisvader/-moeder sal dienooreenkomstig handel. Indien u om een of ander rede nie wil hê dat u kind byvoorbeeld Woensdae die dorp besoek nie, moet u dit asseblief op skrif stel en dienooreenkomstig sal opgetree word. Ouers van graad 1 tot 3-leerlinge moet skriftelik toestemming gee vir hulle kind/-ers om by maats te swem/kuier.

4.10 Gewone naweek:

a) leerders mag elke naweek verlof neem vanaf Vrydagmiddag tot Maandagoggend;
b) deure en hekke open Vrydag 12:00 en sluit 15:00;
c) deure en hekke open Maandag 06:00 en sluit 09:00.

**5. Studietye**

5.1 Die volgende reëls geld gedurende studietye:

- Leerders mag nie met mekaar praat nie.
- Leerders mag nie eet en drink nie.
- Leerders mag nie rondloop of hulle lessenaars verlaat nie.
- Die meubels mag nie geskuif word nie.
- Leerders mag slegs met die toestemming van die toesighouer die lokaal verlaat
- Telefoonoproepe mag slegs in noodgevalle gemaak en ontvang word.

5.2 Studietye is soos volg:
14:00 – 14:45
18:30 – 19:30
20:00 – 21:00

5.3 Studielokale moet ná elke studietyd opgeruim word.

- Alle papiere en rommel moet in die vullisblikke gegooi word.
- Vensters moet toe wees.
- Die ligte moet afgesit en die deure gesluit word.
- Diensdoenende Personeel is verantwoordelik om toe te sien dat die studielokale ná studietyd in bogenoemde toestand gelaat word.

**6. Etes**

6.1 Etenstye is soos volg:

Weeksdae

| | | |
|---|---|---|
| Ontbyt | Seuns: 06:45 | Meisies: 06:50 |
| Middagete | Seuns: 13:45 | Meisies: 13:50 |
| Aandete | Seuns: 17:30 | Meisies: 17:30 |

6.2 Die Diensdoenende Personeel en Koshuisleiers is verantwoordelik vir dissipline in die eetsaal.
6.3 Inwoners moet die eetsaal stil en ordelik binnegaan.
6.4 Geen inwoner mag om enige rede van 'n ete ontneem word nie.
6.5 Geen inwoner mag gedwing word om enigiets teen sy/haar sin te eet of te drink nie.
6.6 Inwoners moet ná elke ete die tafels afdek. Geen kos mag op die vloere afgevee word nie. Die borde en messegoed moet in die bestemde houers gepak word.
6.7 Geen kos, borde, messegoed, glase of enige ander kombuisware mag uit die eetsaal verwyder word nie.
6.8 Indien 'n inwoner nie 'n ete kan bywoon nie of gaan laat kom vir ete, moet hy/sy die koshuishoof vroegtydig inlig. **Indien nie inteken vir etes nie – GEEN KOS!!!**
1.9 Geen selfone mag in die eetsaal gebruik word nie.
6.10 Alle etes moet deur leerders bygewoon word. Indien 'n leerder 'n ete nie kan bywoon nie, moet hy/sy vroegtydig met die koshuisvader/-moeder reël. Dit moet vooraf aangeteken word in die "Uitskep"-boek.
6.11 Indien 'n leerder vroeër of later wil eet, moet hy/sy met die koshuisvader/-moeder reël. Hierdie reëling moet getref word VOORDAT leerling skool toe gaan.
6.12 Diegene wat laat kom, of die tafel wil verlaat, moet eers verskoning maak by die tafelhoof en die personeellid aan diens.
6.13 Die tafelhoof is verantwoordelik vir die orde aan haar tafel.
6.14 Geen voedsel mag van die tafels verwyder word nie, behalwe vrugte. Tafelgereedskap mag onder geen omstandighede verwyder of beskadig word nie.
6.15 Die tafels moet netjies afgedek en afgevee word ná etes. Stoele moet ingeskuif word.
6.16 Leerders wat laat eet, moet wag tot alle betrokkenes teenwoordig is en dan die koshuisvader/-moeder vra om die eetsaal oop te sluit.
6.17 Eksamentye moet elke leerder sorg dat sy alle etes wat sy wil eet, vroegtydig bespreek op die voorgeskrewe lyste.

**7. Selfone**

7.1 Selfone word op eie risiko in die koshuis ingebring.
7.2 Geen oproepe mag gedurende etenstye of studietye ontvang of gemaak word nie.
7.3 Alle selfone moet met ligte-uit afgeskakel word.
7.4 'n Inwoner se selfoon mag van hom/haar weggeneem word indien hy/sy nie die reëls gehoorsaam nie. In so 'n geval sal die inwoner 'n skriftelike skulderkenning onderteken waarin die inwoner erken dat hy/sy kennis dra van die bepalings van die koshuisreëls en die strafsanksie dat sy/haar foon afgeneem mag word.
7.5 Graad 1 tot 4-leerder mag nie na 8 uur (20:00) hulle ouers skakel of oproepe ontvang nie. Geen oproepe mag deur enige leerling tydens stiltetyd of na slaaptyd gemaak of ontvang word nie.

**8. Wasgoed**

Koshuise bied geen wasgeriewe aan nie. Leerlinge moet hulle wasgoed naweke huis toe neem.

**9. Fietse en ander vervoermiddels**

9.1 Fietse mag aangehou word, maar met versigtigheid gery word. Fietse moet gesluit word.
9.2 Geen motors of motorfietse mag aangehou word nie.

9.3 Leerders word slegs deur hulle ouers of volwassenes wat deur die ouers aangewys is, van en na die koshuis vervoer.
9.4 Geen leerder mag agter op 'n oop bakkie ry nie.

**10. Breekskade**

10.1 Breekskade moet onmiddellik by die betrokke personeellid of koshuisleier aangemeld word.
10.2 Opsetlike skade aan koshuis- of skooleiendom sal tot dissiplinêre stappe lei.
10.3 Inwoners moet alle koshuiseiendom met die nodige versigtigheid hanteer.
10.4 Ouers is verantwoordelik vir die volle vereffening van alle breekskade wat uit skade wat hulle kinders aan geboue, meubels en ander toerusting aanrig.
10.5 Ouers is ook verantwoordelik vir alle koste wat aangegaan word vir herstelwerk in so 'n geval.

**11. Koshuisleiers**

11.1 Elke koshuis moet sy eie koshuisleiers kies. Vir hierdie doeleinde moet die inwoners jaarliks aan ŉ demokratiese verkiesing deelneem.
11.2 Koshuisleiers moet die koshuishoof en ander personeel met die handhawing van dissipline bystaan.

**12. Elektriese apparaat**

12.1 Graad 10 tot 12 leerlinge mag verleningskoorde na hul kamers aanskaf.
12.2 Ketels mag slegs in graad 10 tot 12 se kamers gebruik word.
12.3 Radio's is toelaatbaar vir graad 10 tot 12 leerlinge. Radio's mag nie in studie-, stiltetye of na ligte uit gebruik word nie.
12.4 Geen verwarmers, elektriese komberse, ens. word toegelaat nie.
12.5 Bedlampe mag wel gebruik word.
12.6 Gang-, kamer-, badkamerligte, ens. moet afgeskakel word om sodoende krag te bespaar.

**13. Ligte-uit en opstaantyd**

13.1 Ligte-uit is om 22:00, en sal deur ŉ klok aangedui word. Geen inwoner mag binne 30 minute ná ligte-uit sy/haar bed verlaat nie.
13.2 Stilte moet ná die lui van die ligte-uit-klok gehandhaaf word. Alle radio's moet afgesit word en selfone moet ingeneem word.
13.3 Opstaantyd is om 06:00, wat ook deur ŉ klok aangedui sal word, wanneer inwoners onmiddellik moet opstaan.
13.4 Inwoners mag slegs met die toestemming van die koshuishoof of personeellid aan diens voor die lui van die oggendklok opstaan.
13.5 Inwoners kan by die koshuishoof toestemming vra vir ekstra studietyd soggens en/of saans. Die koshuishoof kan toestemming weier indien hy/sy reken dat die betrokke inwoner nie die gewone studietyd ten volle benut het nie.

**14. Beheerstruktuur**

14.1 Ouers rig hulle direk tot die koshuisvader/-moeder of personeellid aan diens ten opsigte van verlof, probleme en enige ander klagtes of versoeke.

14.2 Indien 'n leerder probleme, klagtes of versoeke het, rig hulle dit eerstens tot die prefek en daarna tot die personeellid aan diens en dan die koshuisvader /-moeder.
Hierdie kanale verhoed of verhinder nie die leerder om direk met die koshuisvader/ -moeder te skakel nie.
14.3 Die koshuisvader/-moeder is enige tyd per afspraak beskikbaar.
14.4 Geen opdragte of versoeke word aan die matrones of werkers gegee sonder tussenkoms van die koshuisvader/-moeder nie.

**15. Dagrooster**

| GEDURENDE DIE WEEK (Maandag tot Vrydag) | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | 06:00 | Opstaanklok | |
| 2 | 06:30 | Kamerinspeksie en stiltetyd | |
| 3 | 06:40<br>06:45 | Ontbyt dogters<br>Ontbyt seuns | |
| 4 | 07:15 | Laaste klok – almal beweeg na skool | |
| 5 | 13:40<br>13:45 | Middagete dogters<br>Middagete seuns | |
| 6 | 14:00 | Middagstudie | |
| 7 | 15:00 | Sport / Buitemuurs begin | |
| 8 | 17:30 | Aandete / Gr. 1-4 bad voor studie | |
| 9 | 18:25 | Eerste Studieklok – Hekke sluit | |
| 10 | 18:30 | Studie : Gr 1 tot 12 | |
| 11 | 19:30 | Breek.<br>Gr. 1 tot 3 verdaag nadat huiswerk gekontroleer is.<br>Gr. 4 mag verdaag indien huiswerk klaar is. | |
| 12 | 20:00 | Studie : Gr 5 tot 12 | |
| 13 | 20:00 | Stiltetyd : Gr 1 tot 3 | |
| 14 | 20:15 | Slaaptyd / Ligte uit : Gr 1 tot 4. | |
| 15 | 20:00 | Studie : Gr 8 tot 12 | |
| 16 | 20:45 | Slaaptyd / Ligte uit : Gr 5-6. | |
| 17 | 21:00 | Slaaptyd / Ligte uit : Gr 7.<br>Studie eindig.<br>Badtyd vir hoërskool. | |
| 18 | 21:45 | Stiltetyd : Gr 8 tot 12 | |
| 19 | 22:00 | Ligte uit : Gr 8 tot 12 | |

EKSAMENTYE SOOS GEREËL.

**16. Geestelike versorging**
16.1 Dinsdagaande word biduur gehou in die koshuis.
16.2 Woensdae : KJA & ASJAS by die kerke.

**17. Kategeseklasse**
17.1 Leerders reël met die koshuisvader/-moeder en personeellid aan diens.
17.2 Leerders stap in groepe op die sypaadjie na die kerk en terug.

**18. Musiekoefentye**

18.1 Leerders kan in die middag en aand oefen.

**19. Noodplan**

19.1 Dit is die plig van elke inwoner om op hoogte te wees van die noodplan soos uiteengesit, sodat hy/sy korrek kan optree tydens 'n noodsituasie.

19.2 Die goue reël is om so stil as moontlik te wees en alle opdragte uit te voer.

19.3 Onthou jou optrede bepaal jou eie en jou maats se veiligheid.

**20. Verbode terrein**

Leerders word nie sonder toestemming in die volgende plekke toegelaat nie:

a) die kombuis;
b) eetsaal;
c) woonstelle van personeel;
d) 'n ander leerder se kamer.

**21. Personeel**

21.1 Geen kuiery in personeel se woonstelle en andersom, word toegelaat nie.

21.2 Probleme moet met koshuisvader/-moeder bespreek word.

21.3 Geen familiariteit en/of onbeskoftheid teenoor enige lid van die personeel sal geduld word nie.

**22. Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:**

q) optrede wat ander se veiligheid bedreig en ander se regte skend;
r) die dreiging met, of besit of gebruik van, gevaarlike wapens;
s) die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
t) bakleiery, aanranding of mishandeling;
u) onsedelike gedrag of ’n gevloek;
v) die aanneem of voorhou van ’n vals identiteit;
w) enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
x) diefstal of die besit van gesteelde goedere;
y) onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, vernietiging of beskadiging van skooleiendom, wat die aanbring van graffiti sou insluit;
z) oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skool- en koshuispersoneel of leerders en ander inwoners;
aa) herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
bb) strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
cc) viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander inwoners; en
dd) opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

23. Skuldigbevinding deur ’n hof aan ’n strafregtelike oortreding sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

24. Hierdie beleid kan van tyd tot tyd deur die beheerliggaam gewysig, aangevul, verander of aangepas word.

**C. Koshuis- dissiplinêre beleid**

**1. Dissiplinêre optrede**

1.1 Minder ernstige oortredings

1.1.1 Kategorie A-oortreding

Enige oortreding van 1.5, 1.7, 1.8, 1.10, 3.1, 3.2, 5.1, 5.3, 6.2 – 6.9, 8.1; 8.2, 8.4 12.2 en/of 12.4 van die koshuisreëls

In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings, moet sodanige oortreding na 'n personeellid van die koshuis verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

a) 'n Mondelinge of skriftelike waarskuwing
b) Skoolwerk onder toesig, wat tot die inwoner se vordering by die skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word
c) Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is
d) Opskorting van deelname aan skool- en/of koshuisaktiwiteite, soos sport en kultuur (wat sosiale geleenthede uitsluit)
e) Voordele ontneem, bv. Dorpsdag

1.1.2 Kategorie B-oortreding

Enige oortreding van 1.3, 1.9, 4.2 – 4.6, 7, 9 en/of 11 van die koshuisreëls

In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings, moet sodanige oortreding na die koshuishoof verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

a) Enige van die strafmaatreëls in 1.1.1(a) tot (d) hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
b) Uitsluiting van deelname aan sosiale geleenthede van die skool en of koshuis
c) Ooreengekome, bekostigbare vergoeding
d) Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom
e) Gemeenskapsdiens vir tot ses uur
f) Afdek
g) Badkamer skoonmaak
h) Dorpsdag wegvat
i) Selfoonvoorregte ontneem

1.2 Ernstige oortredings

1.2.1 Kategorie C-oortreding

Enige oortreding van 1.2, 1.4, 1.6, 12.5 en/of 12.6

In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings, moet sodanige oortreding na die beheerliggaam se koshuiskomitee verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

a) Enige van die strafmaatreëls in 1.1.1(a) tot (d) en 1.1.2(b) tot (d) hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:

b) In geval van die oortreding van die gedragskode deur koshuisleiers: Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering uit die leiersamp in die koshuis

c) Na afloop van 'n verhoor waarin enige inwoner skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die beheerliggaam sodanige inwoner enige van voormelde strawwe oplê, of die inwoner skors, of aanbeveel dat die inwoner uit die koshuis uitgesit word.

1.2.2 Indien daar op slegs skorsing as 'n straf besluit word, kan die beheerliggaam die tydperk van skorsing bepaal.

**JF ENGELBRECHT**

Beheerliggaamvoorsitter

**H PELSTER**

Skoolhoof

**LIESL VAN COLLER**

EEUFEES MEISIESKOSHUIS
Koshuishoof

**HENNO LUBBE**

WILGEHOF SEUNSKOSHUIS
Koshuishoof

**Deel 6**

## *COVID-19*

1. Geen toegang tot die skool-, sportterrein en/of koshuise nie.
2. Maskers moet te alle tye gedra word.
3. Sosiale distansiëring moet te alle tye toegepas word.
4. Sanitering vind by elke klas / ingang plaas.
5. Temperatuurmeting by elke ingang waar leerlinge aantree in die oggend, sowel as die hoofhek.
6. Indien ‘n leeder simptome het, word onderwyser ingelig en leerder beweeg na isolasiekamer, ouers word gekontak om leeder te kom haal.
7. Indien ‘n leeder in direkte kontak met ‘n positiewe geval was, moet self-isolasie vir 10 dae toegepas word.
8. Departementele protokolle word deurgaans gevolg.